# *MALIE SMUTS*

## *'N STORIE OOR 'N WOELIGE DAME*

*Christine van Vuren -*

Gedurende die vroeë dertigerjare - die tyd van die groot droogte en die depressie - en om presies te wees, op 27 Februarie 1933, is 'n dogtertjie op Potchefstroom gebore. Haar ouers het haar Maatjie, Marie, Sophie (Malie) gedoop.

**In die Laerskool Pretoria-Oos het dit op akademiese gebied baie goed met haar gegaan. Sy het graad 1 en 2 sommer in een jaar kafgedraf. Die enigste "afwyking" in die andersins koersvaste en onbesproke kind se skoolloopbaan is 'n twyfelagtige opmerking deur haar juffrou op haar standerd 2 rapport : *"Malie is woelig en ongehoorsaam"*! Wat die "woelig" aanbetref het die juffrou die spyker op die kop geslaan! Wat sy met die ander opmerking bedoel het sal seker net die juffrou en Malie weet.**

Aan die einde van haar standerd 5-jaar verhuis die gesin na Kaapland en voltooi Malie standerd 6 in 1945 in die Strand. Die res van haar hoërskoolloopbaan bring sy deur aan die Hoër Meisiesskool Bloemhof in Stellenbosch.

Vir watter tipe loopbaan sou sy haar bekwaam? Om verpleging of onderwys te studeer - soos die meeste meisies van daardie jare - het Malie nie kans gesien nie. So gebeur dit dat Malie in 1950 inskryf as eerstejaar aan die Universiteit van Stellenbosch met die oog op keuring tot Veeartsenykunde op Onderstepoort. In 1954 word sy die 5de vroulike veearts in Suid-Afrika en verower sy ook die Theilermedalje. Nie verbasend nie; die meisiekind het dan al in graad 1 bewys dat sy 'n slimkop is.

In 1955 gaan werk sy as assistent in die kleindierpraktyk van Faull & Burgess. Ook nie vir te lank nie, of die "berugte woeligheid" steek weer kop uit. Om van al die opgekropte energie ontslae te raak, sluit sy op 'n vrywillige basis aan by 'n groep genaamd "Morele Herbewapening" - 'n idealistiese groep jongmense wat die wêreld wou verander, daarvan 'n beter plek wou maak!

Om aan haar idealisme gestalte gee gee reis sy vanaf 1956 tot 1969 saam met Morele Herbewapening deur Europa, Amerika, Oos-Afrika en Suider-Afrika. In Switserland en op Mackinac Island in Michigan leer Malie om kos te kook vir 1000 mense, tafel te dek en hoe om koninklikes, arbeiders, studenteleiers van Japan en Suid-Amerika, kommuniste uit die Ruhr gebied van Duitsland en nog vele andere te bedien. Agter die skerms help sy met die aanbieding van teaterstukke en tree self op in 'n internasionale koor wat elke afvaardiging met hul eie volkslied verwelkom. Sy ken nou nog die woorde van die Sjinese volkslied (seker al die ander ook!).

In 1970 keer Malie terug na Onderstepoort en word sy aangestel as lektor in die Departement Anatomie. In 1976 promoveer sy aan dieselfde Universiteit met 'n proefskrif getiteld *"The Blood Vessels of Cervical Vertebrae of the Ox"*. Haar binne- en buitelandse eksaminatore ken 'n gemiddelde punt van 90 % toe aan dié DVSc graad! In dieselfde jaar word Malie ook genomineer as "Star Woman of the Year".

In die Europese winter van 1977-1978 besoek Malie agt Anatomie Fakulteite in Europa

om 'n studie te maak van die metodes van onderwys in anatomie. Sy besoek ook Israel vir die eerste keer. In 1979 word sy deur die Vroue Veearts-Vereniging van die Amerikas genomineer as "Outstanding Woman Veterinarian of the Year". In 1982 word sy "Professor Malie" en Hoof van die Departement Anatomie.

In Augustus 1982 begin Malie se Kameelreis - of is dit rit? Deur bemiddeling van Israeli-studente wat as buitelanders op Onderstepoort studeer, word sy deur prof Daniel Cohen, Direkteur van die Woestynnavorsingsentrum van die Ben-Gurion Universiteit van die Negev, genooi om vanaf Augustus 1983 tot Augustus 1983 as gas van die Universiteit die anatomie van die Dromedaris te boek te stel. Dié boek, *Anatomy of the Dromedary*, waarvan prof Braam Bezuidenhout die medeouteur is en waarvan die sketse deur die Amerikaanse biomediese kunstenaar Davis Mazirsky gemaak is, verskyn in 1987.

In 1986 versoek sy dat 'n roterende hoofskap ingestel word om haar sodoende vry te stel van administratiewe pligte. Persoonlike kontak met studente bly haar grootste belangstelling.

In 1987 word sy genomineer as "Pretorianer van die Jaar".



In 1988 begin nuwe woelighede wanneer Malie begin draaiboeke skryf vir opvoedkundige videos. Gedurende 1988 tot 1991 voltooi sy vyf videos. Sy word hierin bygestaan deur Christine van Vuren (grafiese kuns en modelle) en die tegniese span van die Afdeling Onderrigmedia, U.P. Twee van hierdie videos, *"The Hoof"* (1989) en *"A Journey through the Intestinal Tract of the Horse"* (1992) word bekroon met die Ad Educandum-toekenning vir die beste tersiêre opvoedkundige video in Suid-Afrika. Of die videodraaiboekskrywery, óf die feit dat die studente haar "tannie" begin noem, gee aanleiding daartoe dat sy 'n kinderstorie, *"Karel "D" Kameel"*, vir die SAUK Radio-kinderprogram, "Simbamba", skryf en dit word in November 1992 uitgesaai.

En nou tree Malie uit. Dis nou uit die Departement Anatomie op Onderstepoort, maar definitief nie af nie!

**Glo dit as jy wil, behalwe vir al die oorsese reise wat net om die draai lê en al die ander interessante nuwe dinge waarmee dié dame haar besig gaan hou, gaan Tannie Malie op uitnodiging van die SAUK nóg kinderstories skryf!**

Malie - of jy nou op 'n volgende buitelandse reis is, in Kaapstad of op Bettiesbaai, ons beste wense vergesel jou waar jy jou ook al vorentoe mag bevind.


EDITORIAL COMMITTEE

| | | |
|---|---|---|
| Tammi Krecek | : | Editor |
| Linda Prinsloo | : | Assistant |
| Esther Mahloale | : | Correspondent |

# THE CANINE CONNECTION

*PROF SAREL VAN AMSTEL submitted the following :*

"PINKEL, my constant companion, died on February 17, 1993 of cerebral babesiosis. For 7 ½ years he came to the Faculty on a daily basis and was an accepted "member" of the medicine staff (see photo). During his heyday (1985 - 1987) he was widely regarded as the "champion dog" of road running. During 1986 he appeared on the 20:00 TV news and was featured in many newspapers and in the TV programme 50:50 he was the centre character in a controversy with the SPCA as to whether dogs are anatomically and physiologically made to run. All this publicity arose from his attempt to register for the 1986 Comrades marathon which was later refused on a technicality. The organising committee discovered that he had four legs and according to them only two legged mammals are allowed.



Through this newsletter I would like to thank all those faculty members who expressed an interest and sympathy during Pinkel's illness. In particular I would like to thank Dr Heidi Schroeder, Prof Wayne Berry, Dr Andrew Leisewitz, Dr Helen Griffin, Sr Maryke Harteveld, Sr Andriëtte Whittal, Esté Borchard and the students who were on clinic and ICU duty (Elsa van Pletzen, Ildiko Plaganyi, Danie Jacobs, Julius Nochimson, Jaco Coetzee and Alnora le Riche) for their effort and hard work. I would also like to thank the University for providing such fantastic facilities in which such critically ill patients can be optimally treated."

# NEW DEPARTMENT AT OP

## OR WHO SAYS OLD DOGS CAN'T LEARN NEW TRICKS?



DURING seven years, this small department, Parasitology, generated over 120 publications in referred scientific journals. As a token of appreciation, a leather bound volume containing these was presented to Prof Banie Penzhorn, the Head during this period.

*From Left : Proffs Woody Meltzer, Tammi Krecek, Banie Penzhorn, Anna Verster and Ivan Horak*
*(Photo : courtesy of Department of Public Relations)*



Both the Departments of Parasitology and Infectious Diseases have merged to form Veterinary Tropical Diseases. The new Head is Prof Bob Connor, who worked with the regional tsetse and trypanosomiasis control programme for Malawi, Mozambique, Zambia and Zimbabwe until recently.

Bob has been involved in research and field work throughout Africa since 1974 in countries which include Tanzania, Kenya, Uganda and Somalia. His most recent position was as regional expert of the Southern African Development Community's EEC-funded Regional Tsetse and Trypanosomiasis Control Programme.

A member of the Royal College of Veterinary Surgeons, British-born Prof Connor has a doctorate in Veterinary Medicine from the University of London. He also studied and lectured at the University of Liverpool.

# BEYOND OP .....

*SOME PEOPLE WEAR "MANY HATS" AND JOHNNY VAN DER WALT IS ONE OF THOSE FOLKS. HE IS A PROFESSIONAL UNDERWATER DIVER. IN DECEMBER 1992 HE DIVED IN THE EMERALD LAKE AT CANGO CAVES AND SHARES HIS FIRSTHAND EXPERIENCE WITH US.*

The Cape section of the South African Spelaeological Association undertakes an annual caving expedition to the Cango area and this year, members of the Transvaal section were invited to join them. I jumped at the chance to see some of the caves in the Cango area (and, who knows, maybe see something of Cango 2 and 3?). Organising a dive in a cave is never an easy task, but this one was complicated by several factors. In the first place, my diving buddy (Dick Howell) was only arriving on Wednesday, whereas the rest of us had arrived on the previous Sunday. Secondly, it took 2 days to arrange the necessary permission from the authorities .....



As I had taken the chance to snorkel in the lake earlier that week, I could sketch the outline of the sinkhole for Dick and decide which route to follow. We also had the benefit of the original file loaned to us by the Town Clerk, in which the first exploration of the lake by the divers from Northern Transvaal in 1964 was described in great detail. We decided to take the middle tunnel, as the bottom of the sinkhole appeared to be choked by road rubble, and top, shallow cave appeared to link up with the rest of the system anyway .....

We had decided to penetrate the system together, using personal reels, as the chambers that were glimpsed during the snorkel reconnaissance were large enough to accommodate 2 people, but were too twisty to contemplate line being fed from the side. We left the rocky edge and immediately ran into heavy deposits of a fine silt that billowed up and remained suspended. We realised that if we were going to accomplish anything, it would have to be at speed; to hesitate is to become blind. **Looking behind you was like watching the pyroclastic flow from a volcano roll down the mountainside towards you (and just as terrifying).**

**Despite our careful preparation, a problem struck early on, almost causing us to cancel the dive. I was leading the penetration, and Dick was handling the reel, which promptly jammed. As I turned around to see what the problem was, I was engulfed by the rolling cloud of silt. I clipped on to the jammed reel, and Dick and I proceeded tentatively down the slope, still engulfed by silt. Luckily, we broke clear of the cloud before encountering any obstacles, and could again proceed with absolute clarity of vision .....** When we reached the jammer reel, Dick took over the retrieval of that rope, while I remained clipped on. At this stage, all that could be seen was the dim glow of the lights, and nothing else ..... As a result of having to coil the rope, hold his main light, and feel for the openings, he needed about four hands, which must have materialised from somewhere, because we emerged from the tunnel after about 15 minutes into the main lake.



# ACADEMIC ACHIEVEMENTS

## ANATOMY

Prof Malie Smuts and Christine van Vuren were honoured by receiving the Ad Educandum award for the best video in the tertiary education category. The winning video was entitled *"A Journey through the Intestinal Tract of the Horse"*. A similar award was made to Malie and Christine in 1989 for the video *"The Hoof"*.

Dr Herman Groenewald and Dr John Soley were awarded their PhD degrees on the 2nd April.

## MEDICINE

Dr Heidi Schroeder was chosen as the clinician of the year by the 1991/92 intern year class. Proff Wayne Berry and Fred Reyers were awarded first and second prize respectively for their presentations at the 1992 Faculty Day proceedings. Wayne was invited to present a paper at a congress of the European Society of Veterinary Neurology held in Rome, Italy during September 1992 and to attend the 1st International Baytril Symposium held in Cologne, Germany during October 1992. Prof van Amstel acted as a consulting editor for the textbook *"Current Veterinary Therapy III : Food Animal Practice"*.

## PHYSIOLOGY

Prof Meintjes obtained his PhD in Oct/Nov 1992. The subject of his dissertation was *"Water and Sodium Homeostasis in Sheep"*. He was promoted to Associate Professor in the Department of Physiology as from 1st January 1993. Congratulation, Roy!

Mevv N Engelbrecht en M Grobler is bevorder tot Senior Tegniese Assistente vanaf Januarie 1993.

## SURGERY

Prof Frank Verstraete's credentials were accepted to become a Member of the European Society of Veterinary Oncology. He has been invited, for the third consecutive year, to address the World Small Animal Veterinary Association Meeting, to be held in Berlin, Germany on 7-10 October 1993.

## VETERINARY ACADEMIC HOSPITAL

- Sr Andriëtte Whittal is aangestel as eerste Matrone van die VAH en Sr Linda Wilson is aangewys as Suster van die Jaar vir 1992 met sr Marilie Crous kort op haar hakke.

- Mnr Ephraim Maluleka van die Kleindierchirurgiekliniek is hierdie jaar 25 jaar in diens van die Fakulteit.

- Sr Roenel Beukes is sekretaresse van die S A Veterinêre Verpleegstersvereniging.

- Mev Kobie Lourens en mnr Jerry Khoza is bevorder.

- Drs Kobus du Toit, Richard Burroughs en Chris Kingsley bedryf nou die Siervoëlkliniek van die VAH op 'n privaatbasis. Die aantal gevalle groei teen 'n hoë spoed en van die pasiënte word gehuisves in die binnetuin van die hospitaal se ingangsportaal!

## VETERINêRE ETOLOGIE

Mej Lana Botha is na die Universiteit van Davis-Kalifornië vir opleiding in "DNA finger printing". Mnr Wessels het die S A Vleismerino-beoordelingskursus vir die Transvaalstreek vanaf 10-12 Maart '93 gereël.

## VETERINARY TROPICAL DISEASES

Prof Banie Penzhorn is at Montana State University for a 6 month sabbatical leave. We wish him and his family a successful journey and God speed. Ons hoop hulle oorleef die Montana winter!

## VETERINARY PUBLIC HEALTH

Dr Hung-Wei Lee has passed his MMedVet (Hyg) with a dissertation entitled *"An Abattoir Investigation into the Tail Biting Syndrome in Pig Carcases from Selected Problem Herds"* and graduated on 2 April. His promotor was Prof C M Veary.

# PERSONAL NEWS .....

**ADMINISTRATION**

Miss Esther Mahlaole's son Oscar (below) has earned his karate certificate. Well done, Oscar!



**VETERINARY TROPICAL DISEASES**

Miss Winnie Ngobeni is back at work after recovery from an injury. Mr Frans Magwai, Mr Piet Maluleka and Mr Andries Mokhanazi are all back at work after various injuries.

**MEDICINE**

Elsabé Vercueil, a senior technologist in the section of clinical pathology, got married during 1992 and is now Mrs Myburgh.

**VETERINARY ACADEMIC HOSPITAL**

- Sr Roenel Beukes is in Januarie getroud met dr Dave Kenyon.
- Sr Ria van Schalkwyk van die Afdeling Radiografie behaal 'n B A-graad.
- Mev Dalene van Wyngaardt van die Afdeling Buitepasiënte het bronsmedaljes in die 1992 Comrades en die "Hyper to Hyper" 42 km marathon gekry.
- Mnr Johannes Setshedi het in die "Hyper to Hyper" 42 km marathon 'n silwer medalje gewen.

**VETERINêRE ETOLOGIE**

Robert Borlinghaus is op 23 Januarie met Monique getroud.

**VETERINARY PUBLIC HEALTH**

- Retha married Guillaume on 11 December 1992 and is now Mrs Olivier.
- Professor Veary became grandfather for the second time during October 1992 when a son was born to his daughter Elsbeth and Alasdaire.

## VISITS TO .....



Dr Liz Boomker (left) and colleagues attended a workshop on teaching physiology and curriculum development in Nairobi, Kenya during 1992. Liz established contacts with the Veterinary Faculty and Wildlife Services.

## ..... AND FROM KENYA



Left of Prof Tubby Veary is Dr Basil Pappin and far left a colleague from Kenya (Paul Sayer). The occasion is the Third International Wildlife Ranching Congress held at the CSIR, Pretoria during October 1992.

## VISITOR FROM LOUISIANA



PROF CHARLES (CHUCK) SHORT is a Visiting Professor in the Department of Pharmacology and Toxicology. Prof Short is Head of the Department of Physiology, Pharmacology and Toxicology at Louisiana State University's Veterinary School. He is also Director of the Basic Research Program at the same University. He was a founder member of the American Academy of Veterinary Pharmacology and Therapeutics and sits on the editorial board of a number of scientific journals.

He does extensive drug development research on behalf of pharmaceutical companies and has already attracted contracts over $300 000. He is the author or co-author of 86 scientific publications. During his stay of five months he will present papers at various congresses as well as at the Faculty and will be involved with a fairly extensive pharmacokinetic trial on the use of ketoprofen in horses.

## CHEETAH EXPERT VISITS FACULTY

PROF LINDA MUNSON from the University of Tennessee visited our Faculty during February. Linda's visit is an example of multi-disciplinary co-operation. Her visit was jointly planned between the Chair of Wildlife Diseases and the Department of Pathology. In a short time Linda presented several lectures and met with a number of relevant individuals concerned with cheetahs in captivity in Southern Africa.



Her main objective was to examine material available on cheetahs in the Department of Pathology and to compare the results with her findings of cheetahs from zoos in the USA.

# WHO LEFT US?

**ADMINISTRASIE**

Mnr Solomon Lamola en mnr Samuel Masuku is aan die einde van Februarie 1993 medies ongeskik verklaar. Mr Frans Mabotja retired at the end of January 1993.

**FARMAKOLOGIE EN TOKSIKOLOGIE**

Prof Theuns Naudé het aan die einde van 1992 uit die diens van die Universiteit getree. Prof Naudé sou egter op 'n deeltydse basis weer aangestel word, maar het sedertdien het prof Naudé egter 'n groot rugoperasie ondergaan en moet nou by die huis aansterk. As gevolg daarvan kon hy nog nie sy werksaamhede hervat nie, alhoewel die Toksikologie nagraadse eksamen wel aan huis van prof Naudé afgeneem is. Ons wens hom sterkte en beterskap toe!

**MEDICINE**

Dr Noam Ronen completed his clinical assistantship in the equine clinic and has returned to Israel. Dr Philip Sacks has completed his clinical assistantship in the section of clinical pathology and has opened a private practice in Johannesburg. Mrs Helena Koen, typist in the department, has moved to the Tzaneen district and Mrs Heleen Odendaal, also a typist in the department, left for Bloemfontein at the end of 1992.

**VETERINêRE AKADEMIESE HOSPITAAL**

Sr Maureen Eksteen van die Teater het die diens van die Fakulteit verlaat aan die einde van Januarie en mev Rita Smith van die Kleindierkliniek aan die einde van November. Jerome Maphosa van die Produksiedierkliniek het op pensioen afgetree aan die einde van Desember 1992.

# AS THE PEN SLIDES.....

Recently in editing abstracts for a congress, a colleague declared :
"DUE TO A ***PUBIC*** OUTCRY ....."

A foreign visitor to Skukuza was overheard to say : "I don't mind the temperature but the ***humility*** is unbearable!"

Frank Verstraete submitted this envelope from an overseas colleague. Are we really "Pretoria by the Sea"?



# WELCOME TO :

**BIBLIOTEEK**

Mev Amelia Breytenbach is op 1 Februarie 1993 vanaf die Merensky-biblioteek na ons oorgeplaas. Sy is verantwoordelik vir die bestel, katalogisering en klassifikasie van die Fakulteit se boeke en oudiovisuele materiaal.

**MEDICINE**

Dr Rowan Miller as a senior lecturer in the small animal section, Dr Peter Thompson as a senior lecturer in the production animal clinic and Drs Cedric Tutt and Helen Griffin as clinical assistants in the production animal clinic and small animal sections respectively.

**FISIOLOGIE**

Mr Inx Jordaan, is doing his Technikon in service training during 1993.

**VETERINêRE AKADEMIESE HOSPITAAL**

Sr Cornelia Erasmus vanaf Desember 1992 by die Kleindierkliniek en Sr Linda Muller vanaf 15 Maart by Buitepasiënte.

**VETERINêRE ETOLOGIE**

Dr Buks Wandrag is aangestel as senior lektor vanaf 1 April 1993.

**VETERINARY TROPICAL DISEASES**

Miss Soné Weyers and Mr Gerhard de Bruin are doing their Technikon in service training during 1993.

# *C B I G*
## *CANINE BABESIA INTEREST GROUP*

The new editor of this group's newsletter is Dr Remo Lobetti, Medicine. A few extracts from his newsletter follow.

STEERING COMMITTEE
Dr John Jardine (Pathology) has recently resigned from the steering committee due to other commitments. John has also compiled a bibliography with over 190 references on all aspects of babesiosis.

NOTICES
At the upcoming World Small Animal Veterinary Congress to take place in Durban in 1994, a session will be devoted to current aspects and latest research into canine babesiosis.

RESEARCH
Various research areas continue to make strides. These include vector specificity (Banie Penzhorn and Brychan Lewis); hemoglobinuric nephrosis (Remo Lobetti); physiological relationships of animals given blood transfusion (Andrew Leisewitz) and drug efficacy (Linda Jacobson).

## IN MEMORY



Recently we lost one of our faculty staff, PIET MAYIMELA. I doubt there is anyone who knew him that is not touched by this loss. Piet was with our Faculty for almost half of his 43 years, beginning with us in June 1971. The oldest of twelve children, Piet will be remembered as being "altyd gewillig en tot uitstekende diens", according to Mrs Ella Badenhorst who worked closely with him. Piet became ill recently with hypertension and died of kidney failure. He is survived by all of his brothers, sisters, mother, father, his wife and six children. Our deepest sympathy and prayers are extended to Piet's family and friends.

Never fear big words
Big words name little things

All big things have little names
Such as life and death, peace and war
or dawn
day, night, hope, love, home.

Learn to use little words in a big way.
It is hard to do
But they say what you mean.

When you don't know what you mean
Use big words :
They often fool little people.

*Arthur Kudner to his son*

# EDITOR'S NOTE .....

WE'VE ASKED OUR RETIRED STAFF TO LET US KNOW OF THEIR ACTIVITIES. WE'D LIKE TO HAVE FEEDBACK FROM THOSE WHO HAVE LEFT US. THE NEWS BELOW IS OF PROF OSTERHOFF AND APPEARED IN THE *BEELD* OF 24 NOVEMBER 1992.




Prof. Dieter Osterhoff met die sertifikaat van erelidmaatskap wat hy van die Duitse vereniging vir veekunde gekry het. Agter hom staan die motortjie waarin hy reeds veertig jaar lank ry. Foto: HERMIE ROSSOUW

## Hoë Duitse eer vir professor van Pretoria

Deur **Mike van der Merwe**

DIT is 'n eer wat geen ander Suid-Afrikaner nog ooit te beurt geval het nie en een waarmee baie min – om presies te wees, net sewentien – ander mense van oor die wêreld heen kan spog.

Daarom is prof. Dieter Osterhoff (67) van Muckleneuk, Pretoria, besonder trots dat hy nou die agttiende erelid van die Duitse vereniging vir veekunde sedert dié vereniging se ontstaan in 1905 geword het.

Prof. Osterhoff het kort ná sy aankoms in Suid-Afrika 'n bloedgroeplaboratorium op Onderstepoort begin. In dié laboratorium word vandag nog waardevolle werk gedoen met die vasstelling van onder meer beeste en perde se bloedgroepe.

Hy was van 1963 af tot met sy aftrede hoof van die fakulteit veeartsenykunde se departement van soötegnologie. Hy praat Afrikaans, Engels, Duits, Sweeds, Frans, Noors en Deens.

Prof. Osterhoff is baie trots op die erelidmaatskap wat hy ontvang het. Dit is op die jaarvergadering van die vereniging aan hom toegeken toe hy en sy vrou, Bonnie, in Duitsland was. Hy het al talle ander toekennings ontvang. Dit sluit in die goue medalje van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, 'n silwermedalje vir navorsing van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie en die Havengaprys vir landbou van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Prof. Osterhoff is in Duitsland gebore. Ná matriek en sy militêre diens het hy vir hom 'n groen Volkswagen Kewer gekoop. Dié motortjie is steeds sy belangrikste vervoermiddel.

Hy het dit saam met hom na Swede gebring waar hy verder studeer het, en in 1956 het dit saam met hom na Suid-Afrika gekom. Tot met sy aftrede twee jaar gelede het hy met die motortjie werk toe gery.

" 'n Man het net anderdag agter my stilgehou om te hoor of hy nie my motor kan koop nie. Toe ek my kop skud, het hy 'n visitekaartjie in my hand gestop en gesê ek moet hom bel as ek ooit van plan verander.

"Die motor was ook my jongste dogter, Marianne, se troumotor en my skoonseuns het al talle kere gesê ek durf nie daarvan ontslae raak nie. Op Onderstepoort het ek sommer van die begin af vir nuwe studente laat verstaan hulle kan maar na my motor kyk, maar dit is beslis nie te koop nie."